basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2015

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 | 4 |
| | | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | 7 |
| **OF** | | | |
| 3. *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 | 10 |


**OF**

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord net EEN vraag.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. *Poppie – die drama* | Kontekstuele vraag | 35 | 14 |
| **OF** | | | |
| 5. *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | 17 |


**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord AL TWEE vrae.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. Die storie van Piet se oupa | Kontekstuele vraag | 18 | 20 |
| **EN** | | | |
| Die pakkie | Kontekstuele vraag | 17 | 21 |


**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord AL TWEE vrae.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. Thumela | Kontekstuele vraag | 17 | 24 |
| **EN** | | | |
| Die hanswors | Kontekstuele vraag | 18 | 25 |

## NASIENRIGLYNE

- ’n Kandidaat mag nie meer as EEN vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.
- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien dus die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, hou die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. ’n Uitsondering is die Engelse terminologie in *Poppie*, *die drama*.
- Indien ironie, vergelyking en kontras gevra word, verdien die leerders 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

**TEMA:** Gouddelwery in die Bos.
**BOODSKAP:** Die goud het Saul kans gegee om as mens te groei en steeds aan die Bos verbonde te bly.

1.1
- Kate het vir Saul leer Engels praat.
- Kate was goeie geselskap.
- Kate het Saul se eensaamheid minder gemaak.
- Kate het Saul van die dorpslewe vertel.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

1.2 Jane het gemaak asof Kate Sondae by haar gekuier het. (1)

1.3
- C
- C David Copperfield
- David Copperfield
(Enige EEN) (1)

1.4
- Saul het nog omgegee vir die Bosmense, maar die Bosmense het geglo dat Saul 'n verraaier was.
- Saul was opgewonde oor die Bosmense se kanse, maar hulle het glad nie belanggestel nie.
(IRONIE. Twee kante moet gegee word)
(Of soortgelyk) (2)

1.5 Nee.
- MacDonald het vir Saul as onderdaan/benede hulle sosiale klas beskou.
- MacDonald sou kwaad gewees het, want hy het Kate verbied om met die Bosmense/Saul te praat.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.6 spioen (1)

1.7
- Die opgewondenheid oor die goud het by die verkeerde mense gelê.
- Die Bosmense sou nie die kans gehad het om die goud te delf nie.
- Saul was bekommerd dat die dorpsmense die Bos sou verniel.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.8
- Saul wou hulle inlig/bewus maak/waarsku/vertel dat daar goud in die Bos was.
- Saul het gevoel die Bosmense moes van die goud weet.
- Die Bosmense moes die reg kry om dit te ontgin.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.9.1
- Die Bosmense het nie vir Saul vertrou nie.
- Die Bosmense het gedink dis net weer een van sy stories.
- Die Bosmense het anders as Saul gedink.
- Die Bosmense was bang vir verandering.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.9.2
- Saul het woedend/gefrustreerd/ongelukkig/teleurgesteld gevoel.
- Saul het gevoel dat hy sy deel gedoen het.

(Enige EEN of soortgelyke negatiewe emosie) (1)

1.10 Ja.
- As gevolg van Saul se geld/besigheidsplanne kon hy by Jozef hout koop.
- Jozef het sy menswaardigheid teruggekry.
- Jozef het sy boslewe behou.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.11.1
- Kate het die Bos as 'n droomplek gesien.
- Kate het die Bos as Saul se wonderlike wêreld gesien/gerespekteer.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.11.2
- MacDonald het die Bos net as 'n bron van inkomste gesien.
- MacDonald het nie omgegee oor die Bos/die Bosmense nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.12 'n vennootskap in sy maatskappy (1)

1.13
- Saul moes vir Patterson gevat het waar hy wou wees.
- Saul moes saans die tent opslaan.
- Saul moes vir Patterson kos gemaak het.

(Enige EEN) (1)

1.14 Saul het die Bos geken. (1)

1.15
- Dit was Afrikaans.
- Die taal wat die Bosmense/Saul (volgens MacDonald en die dorpsmense) gepraat het.

(Enige EEN) (1)

1.16
- D
- D prospekteerwerk
- prospekteerwerk

(Enige EEN) (1)

1.17
- Die mis/digtheid van die Bos het hom bang gemaak.
- Patterson was bang vir die olifante.
- Patterson het nie die Bos geken nie.

(TWEE redes) (2)

1.18 Ja.
- Saul wou vir Patterson gestraf het oor die leuen/oor die werklike rede waarom hulle Bos toe moes gaan.
- Saul het nie gedink dat dit regtig so erg vir Patterson was nie.

**OF**

Nee.
- Dit was onmenslik.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

1.19.1
- B
- B Hans Oukas
- Hans Oukas

(Enige EEN) (1)

1.19.2
- D
- D Barkley
- Barkley

(Enige EEN) (1)

1.19.3
- A
- A Peter Crompton
- Peter Crompton

(Enige EEN) (1)

1.19.4
- C
- C Saul
- Saul

(Enige EEN) (1)

1.20 Patterson moes sy sorteerpan vir Saul gegee het. (1)

1.21 Ja.
- Patterson het regtig die Bos gevrees.
- Hy was nie goed voorbereid vir wat op hom gewag het nie.

**OF**

Nee.
- Patterson het alles gedoen vir geld.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

1.22 As die eerste goud ontdek word, kom almal van oral en koek saam om 'n deeltjie van die goud te kry.
(Of soortgelyk) (1)

1.23 Meulbos (1)

1.24
- Saul het geleer meubels maak/'n nuwe ambag geleer.
- Saul het selfwaarde/selfvertroue/selfrespek teruggekry.
- Saul het 'n mate van vrede/rigting/perspektief gevind.
- Saul is as deel van die sosiale kring aanvaar.
- Abraham Steyn was vir Saul 'n vaderfiguur/mentor.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

1.25 Ja.
- Saul se liefde vir die Bos het hom teruggedryf.
- Saul kon vrede met Jozef maak.
- Saul kon die Bosmense help.

**OF**

Nee.
- Die Bosmense het moontlik nog nie van sy "verraad" vergeet nie.

(Of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

**TEMA:** Hanna, die verbeeldingryke skrywer, op Botterberg.
**BOODSKAP:** Hanna se selfaanvaarding deur die skryfproses.

2.1 (Mana het dit beplan) sodat die gesin mekaar beter kon leer ken.
(Of soortgelyk) (1)

2.2 Ja.
- Die gesin kon mekaar leer ken.
- Die gesin kon saam ontspan.

**OF**

Nee.
- Die ouers moes hulle huwelik sonder die kinders begin het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.3
- Dit was 'n lang rit (meer as twee uur).
- Die pad was baie sleg/steil.
- Die honde het siek geword in die motor.
- Hulle moes kort-kort stop sodat Mana en die ander 'n draai kon loop.
- Tibo en Amos het amper heeltyd baklei
- Tibo en Amos het amper heeltyd gekla.

(Enige DRIE) (3)

2.4.1 Dis 'n vrou se werk om huis skoon te maak.
(Of soortgelyk) (1)

2.4.2
- Mana het nie van geslagsrolle gehou nie./Mana het geglo seuns kon ook pop speel./Mana het geglo dogters kon rugby speel.
  **EN**
- Mana het gevoel dis seksisties om die ongebore baba "hy" of "sy" te noem./Mana het die ongebore baba "Ditjie" genoem.
  (TWEE aparte voorbeelde) (2)

2.5.1 Hoe**t**om/Hoekom (1)

2.5.2 Om te bevraagteken is 'n teken van intelligensie/kreatiwiteit.
(Of soortgelyk) (1)

2.6 Yann het hooikoors (van die stof) gekry. (1)

2.7
- Die gesin het krabbel gespeel.
- Die gesin het 'n vasvra gehou.
- Die gesin het kaart gespeel.
- Die gesin het konsert gehou.
- Beyers het vir die gesin gedigte voorgelees.
- Die gesin het saam gedans.
  (Enige TWEE) (2)

2.8.1
- B
- B gedig
- gedig
  (Enige EEN) (1)

2.8.2
- A
- A outobiografie
- outobiografie
  (Enige EEN) (1)

2.8.3
- D
- D liefdesverhaal
- liefdesverhaal
  (Enige EEN) (1)

2.8.4
- E
- E reisverhaal
- reisverhaal
  (Enige EEN) (1)

2.9.1
- alter ego
- opgemaakte/versinde (hoof)karakter
  (TWEE woorde. Enige EEN) (1)

2.9.2
- Hanna was nie gelukkig met haar eie lewe nie (en sy wou 'n storie oor stralende geluk skryf).
- Hanna wou graag 'n lewe soos Fabienne gehad het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.10 Albei karakters kom uit ryk/welgestelde gesinne. (1)

2.11
- Hanna het half- en stiefbroers gehad en Fabienne het nie.
- Hanna het stieffamilie gehad en Fabienne het nie.
- Fabienne het 'n suster gehad en Hanna nie.
(TWEE verskille. Of soortgelyk) (2)

2.12 (Op) Yann en Hanna (2)

2.13
- Hanna het gesien Yann en Sharon het in mekaar begin belangstel.
- Hanna het gesien Yann en Sharon het een aand tot laat saam gedans.
(Of soortgelyk) (1)

2.14 mond-tot-mond-asemhaling op hom toegepas het. (1)

2.15
- C
- C Fabienne
- Fabienne
(Enige EEN) (1)

2.16
- B
- B skrywer
- skrywer
(Enige EEN) (1)

2.17.1 Hanna was aan die begin negatief teenoor Yann. (1)

2.17.2 Hanna het ná die konsert besef dat sy verlief op hom was/dat sy van hom gehou het. (1)

2.18 Ja
- Volgens die roman moes Hanna navorsing oor 'n hartstogtelike omhelsing doen. "Vir hierdie deel sal ek 'n bietjie navorsing moet doen."
- Volgens die roman was Hanna nog nie in 'n verhouding betrokke nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.19.1
- Hanna se eie lewe was nou gelukkig.
- Fabienne was nie meer Hanna se alter ego nie.
- Hanna het minder krities geword.
- Hanna het meer volwasse geword.
- Hanna het haar eie lewe aanvaar.
- Hanna het besef dat haar gesin interessant genoeg was.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.19.2 Hanna het besluit om haar eie lewensverhaal te skryf.
(Of soortgelyk) (1)

2.20 Ja.
- Die verhaal gaan oor tieners.
- Die verhaal gaan oor ’n moderne gesin.
- Die tema van aanvaarding het my geraak.
- Die humor was goed.

**OF**

Nee.
- Aanvaarding in stieffamilies word nie so maklik opgelos nie.
- Die verhaal is onrealisties.
- Die Fabienne-stories het my geïrriteer.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.21
- Die skrywer het aangetoon dat saamgestelde gesinne mekaar kan waardeer/aanvaar.
- Die skrywer het die verhaal positief laat eindig waar almal mekaar aanvaar het.
- Die skrywer het aangedui dat saamgestelde gesinne saam pret kan hê.
- Die skrywer het aangedui dat individue wat anders is, ook ’n positiewe rol in saamgestelde gesinne kan speel.

(Enige EEN of soortgelyk) (Aanvaar dat leerders voorbeelde kan gee.) (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

**TEMA:** Ryna begin ’n nuwe lewe met nuwe mense daarin.
**BOODSKAP:** Ryna leer om haar verlede te aanvaar en deel te word van die lewe op Salamanderbaai.

3.1 (Ryna was) in die Silkwood-kliniek. (1)

3.2 Daniel het vir haar vertel dat dit die broeityd vir die malgasse was.
(Of soortgelyk) (1)

3.3 Fred kon alles wat hy verkeerd gedoen het (✓) met sy baie geld probeer reg koop (✓).
(Of soortgelyk. Verwys na geld en sondes.) (2)

3.4 Daniel het vir Ryna aan haar seun, Ronnie, herinner/laat dink. (1)

3.5 Die voëlvrou (1)

3.6 warm (1)

3.7
- Ryna het nog nie vrede gemaak met Ronnie se dood nie.
- Ryna het nog elke dag na Ronnie verlang.
- Ryna was nog nie oor die skok van die gebeure nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.8
- Ryna sal onthou dat haar man (Vincent) met verkeerde dinge besig was.
- Ryna sal onthou dat haar man en seun, Ronnie, in hulle huis doodgebrand het.
- Ryna sal altyd onthou van die man met 'n band om sy voorkop.
- Ryna sal 'n tatoeëermerk (die merk van 'n slang wat deur 'n ander een kronkel), op sy arm onthou.

(Enige DRIE feite) (3)

3.9 Fred het werk geskep.
(Of soortgelyk) (1)

3.10
- Ryna wou wegkom van haar vorige lewe.
- Ryna wou 'n nuwe begin maak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.11
- Ryna moes vir Jacob met die administrasie help.
- Ryna moes navorsing oor kusvoëls kom doen.

(TWEE feite) (2)

3.12 Attie was bekommerd oor hoe Jacob haar sou behandel.
(Of soortgelyk) (1)

3.13
- Jacob wou wegkom van die seer wat hy in Salamanderbaai gehad het.
- Jacob het gevoel dat die Blanckenbergs sy lewe verwoes het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.14.1
- B
- B Elsabet
- Elsabet

(Enige EEN) (1)

3.14.2
- A
- A Jacob
- Jacob

(Enige EEN) (1)

3.14.3
- E
- E Ryna
- Ryna

(Enige EEN) (1)

3.14.4
- C
- C Jannerik
- Jannerik

(Enige EEN) (1)

3.15
- Jacob het nie verwag die persoon sou vir drie jaar bly nie.
- Jacob het nie geweet wat die persoon so lank daar moes doen nie.
- Daar was nie ’n geskikte blyplek vir die persoon nie.
- Jacob se vrou sou ontevrede wees.
- Jacob was ontsteld dat hy net die Kaap se opdragte moes uitvoer.
(TWEE redes) (2)

3.16.1 Jacob was ongeskik/wantrouig.
(Of soortgelyk) (1)

3.16.2 Jannerik was warm/vriendelik.
(Of soortgelyk) (1)

3.17 Elsabet was ongelukkig/ontevrede daaroor.
(Of soortgelyk) (1)

3.18 Jannerik se vrou (Miena) is dood. (1)

3.19
- A
- A aanvaarding
- aanvaarding
(Enige EEN) (1)

3.20
- Elsabet het nie die kleiner huisie op die eiland voor die tyd skoongemaak nie.
- Elsabet het nie opgewonde oor die besoeker gelyk nie.
- Elsabet het nie aangebied om die huis waar Ryna moes bly reg te kry nie.
- Elsabet was nie hartlik toe sy Ryna vir aandete genooi het nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Net rede verdien ’n punt.) (1)

3.21
- C
- C Mama-Meeu
- Mama-Meeu
(Enige EEN) (1)

3.22 Ja.
- Attie het sy hart gevolg.
- Attie het gehoop dat hy ’n kans sou kry om Ryna se hart te wen.

**OF**

Nee.
- Ryna het gewys dat sy nie in Attie belanggestel het nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien ’n punt.) (1)

3.23
- Dit het niks met Jakob te doen gehad nie.
- Jacob het geoordeel/aannames gemaak sonder om te vra.
- Jacob het nie Ryna se seer geken nie.
- Jacob het niks van haar geweet nie, nie eers of sy ’n kêrel gehad het nie.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

3.24 Nee.
- Elsabet was lelik met Jacob.
- Elsabet wou eerder by Fred as by Jacob wees.
- Elsabet het met ’n leuen met Jacob getrou.
- Elsabet was ontrou aan Jacob.
- Elsabet was glad nie by Jacob se lewe betrokke nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Net rede verdien ’n punt.) (1)

3.25
- Hier het sy weer mens geword/heel geword.
- Hier het sy die nuwe man in haar lewe ontmoet vir wie sy kon lief word.
- Janka het Ronnie se plek in haar lewe ingeneem.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

**TEMA:** Poppie trou met Stone en haar omswerwinge/probleme begin.
**BOODSKAP:** Poppie se hantering van dinge buite haar beheer.

4.1
- Op hulle eie erf (wat Stone by die munisipaliteit gekry het).
- In Lambertsbaai
(Enige EEN) (1)

4.2.1 Dit is 'n Afrikaanse vertaling van sy naam, Stone. (1)

4.2.2 Iemand wat:
- nie maklik ingee nie.
- hardkoppig is.
- koud is.
- dom is.
(Enige AANVAARBARE antwoord) (1)

4.3
- Stone het van Herschel in die Ciskei gekom.
- Poppie was nie gewoond aan mense wat van die land afkom nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.4
- Stone was 'n netjiese mannetjie.
- Stone het netjies/deftig aangetrek.
- Hy het pakke klere gedra.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.5.1 liefdesbriewe vir mekaar geskryf het (1)

4.5.2 bed (1)

4.6
- A
- A suurpap
- suurpap
(Enige EEN) (1)

4.7.1
- Die ou mense het gehuil omdat hulle haar jammer gekry het.
- Die ou mense het gehuil oor al die dinge wat die bruid mag en nie mag doen nie.
- Die ou mense het gedink Poppie weet nie waarvoor sy haar ingelaat het nie.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

4.7.2
- Poppie sou enige plek kon bly.
- Poppie sou in Lambertsbaai kon bly.
- Poppie sou nie Oos-Kaap toe moes trek nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.8
- Van Upington na Lambertsbaai
- Van Lambertsbaai na Nyanga
- Van Nyanga/Kaap na Mdantsane
(Kan in enige volgorde gegee word) (3)

4.9
- Poppie het saam met die vrouens land toe gegaan.
- Poppie het geleer hoe om water te skep.
- Poppie het geleer van hulle kos/gaarmaak van die kos (suurpap).
- Poppie het geleer om die mielies fyn te maal.
- Poppie het geleer om koring te bhula.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.10
- respek
- geduld
- gehoorsaamheid
- nederigheid
- inskiklikheid (Indien leerder verduidelik, aanvaar die antwoord).
- aanpasbaarheid
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.11
- senuweeagtig
- gespanne
- opgewonde
- onseker
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.12 Poppie wou alles sien en leer van haar skoonmense se tradisies (✓)
MAAR sy het haar mense baie gemis/sy wou by Ma Lena wees as haar baba gebore word. (✓) (2)

4.13.1
- Dit is toneelaanwysings.
- Dit dui vir die karakters aan wat hulle moet doen.
(Of soortgelyk) (1)

4.13.2
- Die trommels is maklik om te skuif.
- Die ruimte op die verhoog laat net kleiner rekwisiete toe.
- Die vorm is dieselfde as ’n trein s’n.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.13.3
- In Poppie se lewe moes sy ook gereeld oppak om te trek.
- Poppie moes elke keer ook haar probleme saamvat na ’n nuwe plek.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.14 (Die) Xhosas (1)

4.15
- C
- C werk
- werk
(Enige EEN) (1)

4.16.1
- C
- C Bonsile
- Bonsile
(Enige EEN) (1)

4.16.2
- E
- E Vukile
- Vukile
(Enige EEN) (1)

4.16.3.
- A
- A Plank
- Plank
(Enige EEN) (1)

4.16.4
- B
- B Jakkie
- Jakkie
(Enige EEN (1)

4.17.1
- Die Xhosas het geweier om te trek.
- Die Xhosas wou nie na hulle luister nie.
(Enige EEN) (1)

4.17.2 Ja.
- Mense moet die wet gehoorsaam.

**OF**

Nee.
- Moenie mense se eiendom vernietig as hulle die wet oortree nie.
- Moenie kinders benadeel as hulle ouers die wet oortree het nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.18
- Stone wou nie sy werk by die fabriek los nie.
- Poppie wou nie vir Stone alleen los nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.19
- sjebeens
- skole (2)

4.20 Ja.
Poppie het aanvaarding gevind.

**OF**

Nee.
- Die probleme is nog nie opgelos nie.
- Die sosiale toestande het nie verdwyn nie.
- Die einde is nie gelukkig nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Net rede verdien ’n punt) (1)

4.21 Ja.
- Leerders moet uit die foute van die verlede leer.
- Die leerders moet empatie kan hê met Poppie se situasie.
- Poppie se probleme moet leerders dankbaar maak vir wat hulle vandag het.

**OF**

Nee.
- Leerders kan niks aan die verlede verander nie.
- Mense moet aanbeweeg/wat verby is, is verby.
(Of soortgelyk) (1)

**[35]**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

**TEMA:** Die nar troos Willem en die gesin kom nader aan mekaar.
**BOODSKAP:** Omgee en begrip vir mekaar.

5.1
- Hendrik het vir Willem dokter toe gevat.
- Katrien het inkopies gaan doen.
(TWEE redes) (2)

5.2 Emma (1)

5.3
- Hendrik en Katrien het oor geld baklei.
- Hendrik en Katrien het oor die oorkrabbers baklei.
- Hendrik en Katrien het oor die motor baklei.
- Hendrik en Katrien het baklei omdat Katrien poeier op skuld gekoop het.
(Enige TWEE feite) (2)

5.4 Hendrik het ’n gevoel van radeloosheid/bekommernis/wanhoop/vrees ervaar.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.5.1 toertjies te doen (1)

5.5.2 skuur (1)

5.6
- Hendrik het net geweet hoe om ou motors reg te maak. (✓)
- Hendrik het nie geweet hoe om ’n vrou te hanteer nie. (✓) (2)

5.7
- Die nar het hoendertaal gepraat.
- Die nar het soos ’n eend gewaggel.
- Die nar het vir Willem toertjies geleer.
- Die nar het op sy konsertina gespeel.
(Enige TWEE maniere) (2)

5.8.1
- Willem moes kies om gelukkig te wees.
- Willem moes fokus op die mooi dinge in die lewe.
- Willem moes leer om die positiewe in die lewe raak te sien.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.8.2
- Manuel was positief.
- Manuel het begrip/deernis/empatie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.9 Die nar het gesê dat Willem hom nie weer sou sien as hy nie huis toe gaan nie. (1)

5.10
- C
- C polisie
- polisie
(Enige EEN) (1)

5.11 Katrien moes gedurig vir Hendrik aanspreek omdat hy die kind wou dwing om te praat.
(Of soortgelyk) (1)

5.12.1
- Hendrik wou alles reg raas.
- Hendrik wou Willem dwing om te praat.
- Hendrik was ongeduldig.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.12.2
- Manuel het Willem met speletjies gehelp.
- Manuel het Willem laat lag.
- Manuel het begrypend/liefdevol/bemoedigend opgetree.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.13.1
- E
- E Emma
- Emma
(Enige EEN) (1)

5.13.2
- C
- C Hendrik
- Hendrik
(Enige EEN) (1)

5.13.3
- B
- B Manuel
- Manuel
(Enige EEN) (1)

5.13.4
- A
- A Katrien
- Katrien
(Enige EEN) (1)

5.14
- Die McDonalds het sy wonde versorg.
- Die McDonalds het vir Manuel kos gegee.
- Katrien het sy narrepak reggemaak.
- Willem het vir hom toertjies gedoen om hom te laat lag.
- Hendrik het (die hingsel aan) Manuel se sak reggemaak.
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

Kopiereg voorbehou 

5.15 Nee.
- Hendrik was negatief teenoor vreemde dinge.
- Hendrik was negatief teenoor die sirkus.

**OF**

Ja.
Hendrik was bly dat Willem nie raakgeskiet is nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.16
- Emma het weer klavier gespeel.
- Emma het vir Nollie in haar lewe toegelaat./Emma het nie meer vir Nollie weggehardloop nie.
- Emma was bereid om oor haar probleme te praat./Emma het nie meer weggehardloop van haar probleme af nie.

(Enige TWEE feite) (2)

5.17
- Die gesin het nie sulke optrede/gedrag verwag nie.
- Die gesin het so uitgesien na hierdie geleentheid; dit was dus ŉ skok dat dit so moes eindig.
- Die McDonalds het niks gedoen om sulke gedrag uit te lok nie.

(Enige EEN of soortgelyk.) (1)

5.18
- C
- C woedend
- woedend

(Enige EEN) (1)

5.19
- Hendrik het gesê hy praat altyd.
- Hendrik het gesê hy was al een wat praat.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.20 Die dorpsmense het die McDonalds om verskoning kom vra. (1)

5.21
- Hendrik en Katrien het gedans.
- Hendrik en Katrien het gepraat.
- Hendrik en Katrien het in mekaar se ore gefluister.
- Hendrik het sy arms om Katrien gesit.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

### *STORIEJOERNAAL*

### VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### PIET SE OUPA – Abraham H de Vries

**TEMA:** As tagtigjarige kan Oupa nog die lewe geniet.
**BOODSKAP:** Oupa laat almal besef dat 'n mens voluit moet lewe.

6.1 Somerset-Wes (1)

6.2
- C
- C rekeninge te gaan betaal.
- rekeninge te gaan betaal.
(Enige EEN) (1)

6.3
- B
- B romanties
- romanties
(Enige EEN) (1)

6.4
- Oupa het geniet wat die lewe bied.
- Oupa was lewenslustig.
- Oupa was energiek.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.5
- Oupa het dinge gedoen wat nie by sy ouderdom gepas het nie.
- Oupa het gekuier soos wat 'n jong man nog sou kuier.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.6
- Oupa en Doon was karperde.
- Oupa het baie goed met Trudie en Doon oor die weg gekom.
- Trudie was Oupa se kleindogter/familie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.7
- Oupa en Doon het na 'n klein plasie (wat op Tulbagh in die mark was), gaan kyk.
- Oupa en Doon was na 'n veeveiling (op Ceres).
- Oupa en Doon het 'n nuwe wyn (by 'n kelder) gaan proe.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.8.1 Oupa is dood/het gesterf.
(Of soortgelyk) (1)

6.8.2 eufemisme (1)

6.9.
- Die een (ambulansman) het flou geval. (✓)
- Die ander een (ambulansbestuurder) het weggehardloop. (✓) (2)

6.10.1
- E
- E weduwee
- weduwee
(Enige EEN) (1)

6.10.2
- C
- C Trudie
- Trudie
(Enige EEN) (1)

6.10.3
- A
- A Matthys
- Matthys
(Enige EEN) (1)

6.10.4
- B
- B Oupa
- Oupa
(Enige EEN) (1)

6.11
- Daar is onderbrekings in die vertelling.
- Baie besonderhede word gegee.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.12
- Oupa het gesê hy het lekker geëet aan die vleis wat sy dood veroorsaak het.
- Oupa wat in die nag rondbeweeg.
- Die ambulansmanne se reaksies.
- Trudie se gesprek met die dokter.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.13
- Leef die lewe met genot en humor/leef voluit.
- Bly jonk van gees.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**EN**

**DIE PAKKIE** – **Leonard Koza**

**TEMA:** Dwelms
**BOODSKAP:** Hou dwelms uit jou lewe

6.14 (Dit was toegedraai in) koerantpapier. (1)

6.15 (In) Manenberg (1)

6.16
- Die karakters praat Kaaps/Kaapse Afrikaans.
- Die sprekers meng Engels en Afrikaans.
- Die mense praat bendetaal.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.17.1 Jakkals (1)

6.17.2
- (Vir Sally het hy) soos ’n skollie (gelyk).
- (Vir Sally het hy) soos ’n mopkop (gelyk).
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.18 Ja.
- Die dwelmhandelaars was gevaarlik.
- Die dwelmhandelaars het gesê sy mag die pakkie net vir hulle gee.
- Die pakkie was nie hare om weg te gee nie.

**OF**

Nee.
- Esther moes haar ma vertrou het toe haar ma die pakkie gesien het.
- Esther moes haar ma gehoorsaam.
(Enige EEN of soortgelyk. Net rede verdien ’n punt.) (1)

6.19
- Dit is verkeerd, want dit is teen die landswet.
- Dwelmhandelaars verwoes ander mense se lewens.
- Dwelmhandelaars word ryk uit ander mense se ondergang.
- Dwelmhandelaars skroom nie om te moor nie.
(Enige TWEE redes of soortgelyk) (2)

6.20 Ja.
Esther het dit toe reeds by die venster uitgegooi.
(Of soortgelyk. Net rede verdien ’n punt.) (1)

6.21.1
- (Sally was) dapper.
- (Sally was) uitdagend.
- (Sally het) nie geïntimideerd gevoel nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (Kandidate mag ook die houding beskryf) (1)

6.21.2
- (Pang was) ongemaklik.
- (Pang was) onseker.
- (Pang het) nie meer soveel selfvertroue gehad nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (Kandidate mag ook die houding beskryf) (1)

6.22
- Pang het uitgevind dat Sally sy ouers geken het.
- Pang het uitgevind dat Sally hom opgepas het toe hy ’n kind was.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.23
- Pang was kwaad omdat Slang verwaand/aggressief/sonder respek was.
- Slang het nie van Pang se sagter houding teenoor Sally gehou nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.24 Miena het die pakkie in haar hand gehad. (1)

6.25
- Hy was slu/geslepe/skelm.
- Hy was gevaarlik.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.26
- Skoolkinders raak betrokke by die dwelmhandel.
- Dit waarsku leerders oor die gevare van dwelmmiddels.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.27
- Ek dink Sally sou Esther behoorlik uitgeskel het.
- Sally sou weer vir Esther oor die gevare van dwelmhandel ingelig het.
- Sally sou gesê het dat dit nie was hoe sy haar grootgemaak het nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

### *VERSJOERNAAL*

### VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

### Thumela – Elmé Barnard

7.1 (In) die skool/skoolvierkant (1)

7.2 wegstuur (1)

7.3 "oulaas"
(EEN WOORD) (1)

7.4
- opgewonde
- uitbundig
- bly
(Enige EEN) (1)

7.5
- Die leerder het sy/haar boeksak in die lug laat tol.
- Die leerder het vir die meneer geskree.
- Die leerder het sy/haar geskiedenisboek gegooi.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.6 "hordes sportaankondigings"
(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)

7.7
- Dit beklemtoon die leerder se gevoel/emosie.
- Dit wys hoe hard hy die boeksak/boek gegooi het.
(Enige EEN) (1)

7.8
- Die digter gebruik alleenplasing.
- Die versreël is ingekeep./Daar is ’n wit spasie voor die woord.
(Of soortgelyk) (2)

7.9 Nee.
- Die skoolvierkant was verlate.
- Net die leerder (en die meneer) was daar.
- Die spreker het dit waargeneem.
(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien ’n punt.) (1)

7.10
- Hy/Sy het nie meer omgegee nie.
- Hy/Sy was arrogant.
- Hy/Sy het ’n traak-my-nie-agtige houding gehad.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.11 Ja.
Die skoolleerder was nie meer onder die onderwyser se toesig nie.
**OF**
Nee.
’n Mens moet nooit ander mense se verkeerde optrede ignoreer nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien ’n punt.) (1)

7.12
- D
- D personifikasie
- personifikasie
(Enige EEN) (1)

7.13 "bly wonder"
(TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE) (1)

7.14
- die leerder se skoolopvoeding
- die aandag en sorg wat onderwysers aan leerders gegee het
- die geskiedenisboek
- die vak geskiedenis
(Enige TWEE) (2)

7.15 Ja.
- Ek sal ook op my laaste skooldag baie bly wees.
- Ek sal ook bly wees as ek die skool verlaat.

**OF**

Nee.
Ek sal nooit 'n boek verniel nie/vir onderwysers skree nie.
(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt) (1)

**EN**

**Die hanswors – SJ Pretorius**

7.16 sirkus(tent) (1)

7.17
- Dit het hom mense se venyn laat beleef.
- Dit het hom eensaam laat voel.
- Dit het hom emosionele pyn laat beleef.
- Dit het hom fisiese pyn/(ruggraat)pyn laat beleef.
(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

7.18
- C
- C figuurlik
- figuurlik
(Enige EEN) (1)

7.19 "gekoggel"
(EEN woord) (1)

7.20.1
- E
- E skare
- skare
(Enige EEN) (1)

7.20.2
- D
- D kollegas
- kollegas
(Enige EEN) (1)

7.20.3
- A
- A sirkusbaas
- sirkusbaas
(Enige EEN) (1)

7.20.4
- C
- C hanswors
- hanswors
(Enige EEN) (1)

7.21
- Hy het ’n brief gepos.
- Hy het ’n brief gaan haal.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.22.1 Dit was stukkend/verslete. (1)

7.22.2
- Die hanswors het vir sy ma geld gestuur.
- Die hanswors het drank gekoop.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.23 alliterasie (1)

7.24 "Hy’t oor die bed gebuk, verblind,"
(VERSREËL) (1)

7.25
- Die hanswors laat ander lag, maar is self ongelukkig.
- Almal dink die hanswors spandeer al sy geld op drank, maar eintlik versorg hy sy ma.
(IRONIE: TWEE kante van ’n saak moet gestel word.) (2)

7.26 Ja.
- Mense oordeel maklik.
- Emosionele afknouery vind ook plaas.

**OF**

Nee.
- Mense vermy gewoonlik mense met gebreke.
- Mense gee tog om vir mense met gebreke.
(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien ’n punt.) (1)

7.27
- Jy moet belangstel in ander mense.
- Moenie skinder nie.
- Moenie drink nie.
- Moenie oordeel/aannames maak voordat jy nie alles weet nie.
- Moenie mense spot oor hulle gebreke nie.
(Enige EEN of soortgelyk.) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou